

Woensdag **29 Mei**

**Skrifgedeelte: Openbaring 21:9 – 22:5**

**Fokusgedeelte: Openbaring 21:10, 22**

**Die volmaakte en glorieryke teenwoordigheid van God in die nuwe Jerusalem**

Adam en Eva is uit die paradys verban, voor God se vriendelike aangesig uitgedryf. As pelgrims is ons steeds in die swaar woestynpad. Ons is op pad na ons eindbestemming, die herstelde paradys. Ons kan onself nie 'n ander wêreld voorstel as wat ons hier en nou beleef nie. Massa-onluste, opstande, rewolusies, oorloë, bloedige onderdrukking, geweld en moord – totale wetteloosheid wat ons voortdurend bedreig ... In die opstandingskrag van Jesus Christus het ons egter 'n lewende hoop op die onuitspreeklike heerlikheid van God (1 Pet. 1:3, 4).

Johannes word deur die Gees na 'n hoë berg geneem. Van daar af word die heilige stad Jerusalem vir hom gewys (Op. 21:10). Die stad het van God af uit die hemel uit afgekom. Dit straal sy heerlikheid uit. Hy woon onder sy mense.

Die nuwe Jerusalem beskryf die woonplek wat God vir sy kinders bestem het. Die oorspronklike paradystoestand, wat herstel is, is deur God nuut gemaak. Elkeen wat uitverkies is, het deur die offer van die Lam toegang. Waar God se vriendelike aangesig, sy teenwoordig-wees, tot in ewigheid beleef word en Hy volmaak, in ongestoorde gemeenskap, gedien en eer word.

Van kleins af is ons gewoond om 'n plek van aanbidding te hê. In die nuwe Jerusalem het Johannes nie 'n tempel gesien nie – “want sy tempel is die Here God, die Almagtige, en die Lam” (Op. 21:22). Met die wederkoms van Christus sal ons vir ewig volmaak by God wees. As almagtige Here God sal Hy altyd by ons wees. Sy Immanuel-belofte is dan vervul en ons sal nooit meer die gevoel hê dat Hy ver van ons is nie.

God is genadig. Hy maak ons deur alles heen gereed om van hierdie sondige, stukkende wêreld afskeid te neem. Om op die nuwe aarde onder die nuwe hemel sy onuitspreeklike heerlikheid te beleef. 'n Heerlikheid “wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie”, “en wat in die hart van 'n mens nie opgekom het nie ...” (1 Kor. 2:9).

*Sing: Skrifberyming 18-7:1, 3, 8, 9, 11, 12*

*Ds. WP (Willem) van der Merwe (Emeritus)*